ALTYD IETS NUUT – BREEK REG WEG©

Welkom by die jaarlikse **Beeld-Vakansieskou**, die platform vanwaar nuwe produkte geloods word, vervaardigers beplan rondom die skoudatum, so geniet elke oomblik terdee.

Elke jaar lewer iets nuuts op en laasjaar was daar meer as 20 nuwe **Woonwa, Ryhuis en Sleepwa** modelle. 2018 sal nie anders wees nie, maar presies hoeveel nuwes weet ons nie, aangesien die vervaardigers redelik geheimsinnig is oor wat die mark tydens die skou gaan sien. Die skou "behoort" eintlik aan *die* ouens, want sonder hulle sal ons verseker nie 'n woonwa-skou van *die* kaliber kon aanbied nie.

Die **Bestemmings** wat op die skou tentoon gestel word is hoofsaaklik gemik op ons ouens wat ons vakansie saam-sleep, inpak of sommer op die dak gooi – alles baie professioneel natuurlik. Daar is ook bestemmings vir mense met 'n meer eksotiese smaak, maar hulle is van die bestes beskikbaar.

Die Beeld Vakansieskou fokus op Uitstallers en net soos in Europa kan besoekers ongelukkig nie sit en konsert kyk en ronjaag op bane nie. Beeldskou besoekers woon die skou by om reg te beplan en daardie aktiwiteite op die regte plekke aan te durf. Ons leuse is gevolglik: **BREEK REG WEG©**

Die 2018 skou is weereens die mees verteenwoordigede uitstalling van toonaangewende vervaardigers in die bedryf. Om alles wat nuut is hier te lys is nie moontlik nie – So daar is net een manier, ontdek self wat die mark in 2018 aan die ware entoesias gaan bied.

Aangebied te Gallagher Konferensie Sentrum in Midrand op die 23ste, 24ste & 25ste Februarie. Hekke open Vrydag 09:00 – 18:00; Saterdag 08:00 – 17:00 en Sondag om 08:00 – 16:00.

Toegang beloop R120 per volwassene of R100 as aanlyn bespreek word en R60 vir ons gevorderde mense en studente. Kinders jonger as 7 is gratis. Veilige parkering te Gallagher is R20 per voertuig.

Ry asseblief veilig en geniet die skou.

Hampie de Kock: Skoudirekteur: Kontak: 083 4 888 986 of besoek beeldskou.co.za